*Journal of Industrial Psychology, 1994, 21(2), 6-11*
*Tydskrif vir Bedryfsielkunde, 1994, 21(2), 6-11*

# DIE BELEWENISWÊRELD VAN ONAFHANKLIKE SAKEMANNE

**A C GMEINER**

**M POGGENPOEL**

*Departement Verpleegkunde*
*Randse Afrikaanse Universiteit*

## ABSTRACT

**The inner experiences of the independant businessman.** In this study the inner experiences of the independant businessman is described and analised. An exploratory, descriptive, qualitative and contextual design was used. Phenomenological semistructured interviews were conducted with a purposively selected sample of fifteen independant businessmen. A literature control was conducted as a reliability measure. The insight gained from this research contributes to a better understanding of the total life experiences of the independant businessman. The results can be operationalised in further research and practice with a view to promoting the mental health of the independant businessman.

## OPSOMMING

In hierdie studie word die beleweniswêreld van die onafhanklike sakeman verken en beskryf. 'n Verkennende, beskrywende, kwalitatiewe en kontekstuele ontwerp is gebruik. Fenomenologiese semi-gestruktureerde onderhoude is gevoer met 'n doelgerigte geselekteerde steekproef van vyftien onafhanklike sakemanne. 'n Literatuurkontrole is uitgevoer as betroubaarheidsmaatreel. Die insig verkry uit hierdie navorsing dra by tot meer begrip van die totale beleweniswêreld van die onafhanklike sakeman. Die resultate kan operasionaliseer word in verdere navorsing sowel as in die praktyk ten einde die geestesgesondheid van die onafhanklike sakeman te bevorder.

In Suid-Afrika is daar tans toenemende veranderinge wat toenemende druk op die individu plaas. Sosio-ekonomiese veranderinge, lewenstyl veranderinge, tegnologiese vooruitgang en veral politieke veranderinge met gepaardgaande geweld beïnvloed die kwaliteit van die mens se lewe en sy algemene geestesgesondheid (De Villiers, 1986).

Volgens Serfontein (1984) is die voorkoms van koronêre hartsiektes onder blanke mans in Suid-Afrika hoër as die in ander vergelykbare Westerse lande. Die Hartstigting van Suider-Afrika (1990) stel dat die blanke man bo 30 jaar in een van die hoogste risikogroepe vir hartsiekte in die wêreld val. In Suid-Afrika sterf twaalfduisend Suid-Afrikaners elke jaar aan 'n miokardiale infarksie – 31 elke dag (Hartstigting van Suider-Afrika, 1990) Dus is die kwesbare groep veral mans van 30 tot 45 jaar. 'n Groot persentasie van hierdie mans verdien hul lewenstog in die geharde sakewêreld met unieke stressors.

Met die aanbieding van verskeie kursusse tot bevordering van geestesgesondheid het Gmeiner (1992) gevind dat Suid-Afrikaanse sakemanne heelwat stresfaktore ervaar.

Sakemanne identifiseer 'n behoefte aan genoegsame, volgehoue, ondersteuning om 'n sinvolle, gebalanseerde lewe te lei. Baie van hulle kan wel stres effektief hanteer, maar almal vind geestesgesondheidsbevorderende kursusse besonder effektief, aangesien hulle voel dat daar wel leemtes in hul lewe is. Hierdie sakemanne wil in staat wees om effektief prioriteite te kan stel, keuses te kan maak en hulpbronne te mobiliseer in hulle strewe na heelheid.

Die meeste literatuur verwys na die stresbelewenis en die negatiewe gevolge van die stresaanslag op sakemanne as sulks (Gmeiner, 1992). Meer aandag behoort egter aan die totale beleweniswêreld van die onafhanklike sakeman geskenk te word om insig in hulle wêreld te bekom om sodoende in staat te wees om hulle geestesgesondheid as integrale deel van gesondheid (heelheid) te fasiliteer. Die navorsingsvraag wat nou gevra word is die volgende:
Wat is die belewenis van die onafhanklike sakeman in al die dimensies van sy menswees?

*Versoeke vir afdrukke moet gerig word aan A C Gmeiner, Departement Verpleegkunde, Randse Afrikaanse Universiteit, Posbus 524, Auckland Park 2006*

## DIE PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF

Die geïntegreerde model vir geesteswetenskaplike navorsing van Mouton en Marais (1990) het die navorsingsproses in hierdie navorsing gerig. Die Verplegingsteorie vir Mensheelheid (Oral Roberts University, Anna Vaughn School of Nursing, 1990; Departement Verpleegkunde, Randse Afrikaanse Universiteit, 1991) is as oorkoepelende verpleegteorie gekies. Metateoretiese stellings sowel as teoretiese stellings van dié teorie vorm die grondslag van hierdie navorsing.

Die sentrale stelling in hierdie navorsing word ontleen aan die teoretiese stellings vanuit die Verplegingsteorie vir Mensheelheid en lui as volg: Die Psigiatriese Verpleegspesialis fasiliteer, deur middel van haar begrip van die beleweniswêreld van die onafhanklike sakeman, sy strewe na heelheid. Heelheid en gesondheid word as sinonieme konsepte in hierdie navorsing gebruik. Gesondheid word gedefinieer as 'n toestand van geestelike, psigiese en fisieke heelheid. Die mens se kenmerkende interaksie met sy interne (liggaam, psige en gees) en eksterne omgewing (fisies, sosiaal en geestelik) bepaal sy gesondheidstatus. Gesondheid kan kwalitatief op 'n kontinuum van maksimum tot minumum gesondheid beskryf word. 'n Gesonde persoon het ook die potensiaal om siek te wees (Oral Roberts University, Anna Vaughn School of Nursing, 1990).

Vir die doeleindes van hierdie navorsing is 'n onafhanklike sakeman beskou as 'n sakeman wat in een of ander besigheid 'n onafhanklike rol speel (Gmeiner: 1992). In hierdie navorsing word entrepreneurs en eenmansesigheidsmanne ook as onafhanklike sakemanne beskou.

Metodologies volg die navorser 'n funksionele denkbenadering (Botes, 1991) daarin dat navorsing nie net onderneem kan word om kennis en insig te bekom nie, maar ook om by te dra tot die verbetering van die verplegingspraktyk en die bied van gehalte pasiëntsorg.

## NAVORSINGSONTWERP EN -METODE

Hierdie navorsing behels 'n verkennende en beskrywende kontekstuele ontwerp waar fenomenologiese onderhoudvoering (Parse, Coyne en Smit, 1985; Burns en Grove, 1987; Stember en Hester, 1985) gebruik is om die beleweniswêreld van die onafhanklike sakeman te ondersoek. Daarna is 'n lite-

ratuurkontrole uitgevoer om die resultate wat verkry is, te vergelyk met die resultate wat reeds bestaande literatuur van soortgelyke navorsing.

Betroubaarheid en geldigheid van kwalitatiewe navorsing word beoordeel deurdat 'n onafhanklike navorser tot dieselfde gevolgtrekking moet kom in 'n soortgelyke situasie.

Die volgende maatreëls is aangewend om betroubaarheid en geldigheid van die navorsing te verseker in navolging van Woods en Catanzaro, (1988).

- Die navorser se rol is duidelik uiteengesit.
- Die eienskappe en redes waarom die spesifieke respondente gekies is vir deelname aan die navorsing is duidelik uiteengesit.
- Veldnotas is gedurende die onderhoudvoering geneem. Objektiwiteit van observasies is sodoende verhoog.
- Die opname-bande van die onderhoudvoering is so gou moontlik na die onderhoude getranskribeer deur die navorser self.
- Ten minste twee persone het die teoretiese kodering gekontroleer.
- Deelnemers het voldoen aan die vereistes vir die steekproefpopulasie naamlik, almal onafhanklike sakemanne tussen die ouderdom 30–45 jaar.
- Opvolgonderhoude is met van die respondente gehou soos wat die studie gevorder het (valideringsgesprekke).

In die navorsing is gebruik gemaak van 'n doelgerigte steekproef (Abdellah en Levine, 1979). Die steekproef is doelgerig aangesien onafhanklike sakemanne wat voldoen aan die gestelde kriteria vir seleksie ingesluit word.

Die volgende doelgerigte steekproef is geneem: Vyftien blanke onafhanklike sakemanne in die kleinhandel-, groothandels- en distribusiebesigheid. Almal is woonagtig in die Witwatersrand omgewing. Ouderdomme wissel tussen dertig- en vyf-en-veertig jaar.

Data is ingesamel deur 'n semi-gestruktureerde fenomenologiese onderhoud. Die navorser (Gmeiner, 1992) het enige kennis en/of houdings ten opsigte van die fenomena "tussen hakies geplaas" tydens onderhoudvoering. Nadat interpretasie van data gedoen is, het die navorser (Gmeiner, 1992) hierdie kennis "uit hakies gehaal" en oorweeg soos dit verband hou met die studie as 'n eenheid (Burns en Grove, 1987).

Die onderhoud is ingelei met een kritiese vraag: "Beskryf u belewenis as onafhanklike sakeman in al die dimensies van u menswees." "Describe your experience as an independant businessman in all the dimensions of you as a human being."

Die navorser het na die stel van dié sentrale vraag deur middel van kommunikasievaardighede soos luister, refleksie, opklaring, parafrasering, die respondente die geleentheid gebied om hulle belewenis as onafhanklike sakemanne in al die dimensies van hulle menswees openlik te verbaliseer. Die onderhoude is op oudiobande geneem en verbatim getranskribeer vir ontleding. Die navorser het veldnotas direk na afloop van die onderhoud gemaak om algemene indrukke betreffende die onderhoud en haar ervaring daarvan te noteer.

Die data is verwerk deur gebruik te maak van Giorgi (1985) en Kerlinger (1986) se metodes van data-analise. Die navorser het self eers deur al die transkripsies gelees ten einde 'n begrip van die geheel te kry. Die volgende stap het die identifisering van eenhede van analises deur die onderstreping van woorde en temas behels. Kategorieë is geïdentifiseer; gebaseer op die eenheid van beraming en diagnose van die Verplegingsteorie vir Mensheelheid (Oral Roberts University Anna Vaughn School of Nursing 1990) naamlik, interne omgewing (liggaam, psige (intellek, wil, emosie en gees); eksterne omgewing (fisies, psigies en sosiaal); en kenmerkende wyse van interaksie. Hierdie hoofkategorieë is operasioneel gedefinieer. Woorde en temas is in die hoofkategorieë geplaas waarna subkategorieë onder elke hoofkategorieë geïdentifiseer is.

'n Protokol wat bogenoemde stappe uiteensit plus die operasionele definisies van hoofkategorieë is aan twee onafhanklike deskundiges (psigiatriese verpleegspesialiste) gegee plus afskrifte van die getranskribeerde onderhoude met die versoek om die transkripsies te analiseer (Wilson, 1989).

Hierna het die navorser en deskundiges saam ontmoet as 'n paneel van kodeerders en hulle analises vergelyk. Die kodeerders het konsensusgesprekke gevoer oor hulle analise en het ook onderlinge verbande tussen kategorieë en subkategorieë vasgestel. Die resultate verkry is bespreek met vyf respondente wat ewekansig gekies is uit die groep van vyftien respondente wat deelgeneem het aan die navorsing om die resultate verder te verifieer.

Die navorser het die finale resultate verfyn. Die aantal kere wat temas hulself herhaal by verskillende respondente is getel en geprioritiseer.

## RESULTATE

Resultate van die navorsing word bespreek aan die hand van kategorieë wat geïdentifiseer is vanuit die Verplegingsteorie vir Mensheelheid, nl. die interne omgewing (liggaamlik, psigies en geestelik) en die eksterne omgewing (fisiek, sosiaal en geestelik). 'n Opsomming van al die geïdentifiseerde kategorieë verskyn in Tabel 1.

**TABEL 1**
**GEÏDENTIFISEERDE KATEGORIEË VAN DIE BELEWENISWÊRELD VAN ONAFHANKLIKE SAKEMANNE**

| INTERNE OMGEWING | EKSTERNE OMGEWING |
|---|---|
| **LIGGAAMLIK** | **FISIES** |
| – Voeding | – Werksfunksionering |
| – slaap en rus | – Finansiële aspekte |
| – gewoontes | – Politieke/ekonomiese |
| – oefening | – Invloede |
| – vrye tyd en ontspanning | |
| **PSIGIES** | **SOSIAAL** |
| – Emosioneel | – Interpersoonlike verhoudinge |
| • (primêre gevoelens) | |
| – Intellek | – Vriende |
| • persepsies | – Sosiale tyd |
| • tydbestuur | – Ondersteuningstelsels |
| • delegasie | |
| • besluitneming | |
| • verdedigingsmeganismes | |
| – Wil | |
| • motivering intern | |
| • motivering van personeel | |
| **GEESTELIK** | **GEESTELIK** |
| – waardes | – gesinsverhoudinge |
| | – Godsdiens |

Vir die doel van die bespreking is response van sewe deelnemers en meer wat ooreenstemmende aspekte beskryf het, van die vyftien deelnemers, in ag geneem.

In Tabel 2 vind die bespreking van die resultate plaas. Aan die linkerkant van Tabel 2 word hierdie navorsing se resultate weergegee. Aan die regterkant van tabel 2 is 'n literatuurkontrole om ooreenkomste en verskille met hierdie navorsing aan te dui.

**TABEL 2**
**BESPREKING VAN RESULTATE: DIE BELEWENISWÊRELD VAN ONAFHANKLIKE SAKEMANNE**

| | |
|---|---|
| **LIGGAAMLIK** (n=15)<br><br>● Probeer tyd inruim vir oefening 12<br>● Min tyd vir ontspanning 8<br>● Ongesonde eetgewoontes 7<br>● Slaap genoeg 7<br>● Rook te veel 7 | **INTERNE OMGEWING**<br><br>Literatuur noem "goeie gesondheid" maar spesifiseer nie wat daarby bedoel word nie (Montagno, Kuratko en Scarello, 1986). In navorsing gedoen deur Solomon en Winslow (1991) is bevind dat onafhanklike sakemanne baie min tyd het, maar dat hulle deelneem aan individualistiese aktiwiteite. Baie min navorsing is gedoen oor gewoontes soos sigaretrookinname en alkoholinname. Verhoogde stresvlakke word geassosieer met verhoogde nikotieninname. Ook alkohol verskaf tydelik 'n gevoel dat stres verlig is, daarom word alkohol ook toenemend gebruik in periodes van negatiewe stres (Allman, 1985). |
| **PSIGIES – EMOSIONEEL** (n=15)<br><br>● Stres 15<br>● Hoë risiko 14<br>● Kommer 10<br>● Skuldgevoel 9<br>● Oorlading 9<br>● Onsekerheid 9<br>● Frustrasie 8<br>● Geluk/werksbevrediging 8<br>● Hartseer/isolasie 8 | Gegewens uit relevante literatuur stem ooreen met die hoë stresvlakke waaraan sakemanne ly (Allman, 1985). Nie alle sakemanne knak egter onder stres nie, maar ervaar slegs die "oorrek" ("overstretch") waarvan Wessman (1986) praat waar sy stres omskryf vanuit Verplegingsteorie vir Mensheelheid. Baie outeurs beskryf die hoë risiko faktor wat beskrywend is van individue wat 'n behoefte aan prestasie identifiseer (McClelland en Winter in Van Daalen, 1989 en Bruce en Timmons et al in Beyers, 1988). Oorlading by onafhanklike sakemanne word ook algemeen in die literatuur beskryf. Onafhanklike sakemanne oorlaai hulself meer as wat nodig is (Bendit in Beyers, 1988 en Williams 1986). Onafhanklike sakemanne ervaar onsekerheid, maar hulle beskik oor die vermoë om dit te kan hanteer en verdra sonder dat hulle effektiwiteit benadeel word (Beyers, 1988; Kroon en Moolman, 1992 en Mitton, 1989). Werksbevrediging kom oor die algemeen onder sakemanne/entrepreneurs voor. In die doelbereiking en totstandkoming van 'n suksesvolle besigheid, ervaar hulle plesier (Coetzee, 1979; Solomon en Winslow, 1991). Die geweldige gevoel van isolasie wat die navorser in haar resultate gevind het, word nie spesifiek in die literatuur aangespreek nie, maar aspekte wat bydra tot hierdie gevoel word bespreek in ander kategorieë. |
| **PSIGIES – INTELLEK** (n=15)<br><br>● Hoë verantwoordelikheid 13<br>● Kan vir niemand anders werk nie 9<br>● Meer vaardig as ander 9<br>● Besigheid gee onafhanklikheid 9<br>● Nie in staat tot effektiewe tydsbestuur 8<br>● Neem besluit alleen en 10<br>● Onder druk 8<br>● Dit is belangrik om te delegeer 10<br>● Nie in staat om effektief te delegeer nie 7<br>● Persone wat van ongesonde verdedigingsmeganismes gebruik maak 9 | Onafhanklike sakemanne verkies om persoonlik verantwoordelikheid te neem vir hul besluite en aksies en dit spruit voort uit hul geloof en vertroue in hulself (McClelland in Beyers, 1988; McClelland en Winter in Van Daalen 1989; Burch 1986 en Kroon en Moolman, 1992). 'n Onafhanklike sakeman het 'n sterk onafhanklikheidstrewe, hy wil nie afhanklik wees van ander of vir 'n baas werk nie. Hierdie onafhanklikheid is ook een van hulle grootste motiveerders (Kroon en Moolman, 1992); Longenecker, McKinney en Moore, 1988; Conradie, 1984; Solomon en Winslow, 1991). Literatuur bespreek die "meer vaardig as ander" persepsie deur op verskeie maniere te verwys na die uitstaande, besondere vaardighede en innoverende gedrag (Drucker in Beyers, 1988 en Kroon en Moolman, 1992). Die meeste literatuur wys daarop, inteenstelling met die navorser se resultate dat onafhanklike sakemanne wel tyd effektief kan bestuur, aangesien tyd vir hulle baie waardevol is (Kroon en Moolman, 1992). Onafhanklike sakemanne is ook op soek na geleenthede om tyd meer effektief te kan benut en toon ongeduld met ander wat tyd verspil (McGregor; Boumbeck en Mancuso; Schöllhammer *et al*, in Beyers, 1988). Onafhanklike sakemanne is geneig om gouer as ander individue 'n besluit te neem. Onnodige huiwering of tydverspilling met besluitneming kan in die kompeterende sakewêreld die verskil tussen sukses en mislukking beteken (Hornaday in Beyers, 1988; Swayne *et al.* in Beyers. 1988) sê ook dat onafhanklike sakemanne gewoonlik nie daarvan hou om take aan ondergeskiktes te delegeer nie. Dit blyk ook dat, in ooreenstemming met die navorser se resultate, hulle mense nie vertrou nie en daarom is hulle nie altyd in staat tot effektiewe delegasie nie (Hood en Young, 1991). Daar is baie min inligting in die literatuur beskikbaar met berekking tot die onafhanklike sakemanne en gebruik van psigologiese verdedigingsmeganismes. Allman (1985) sê dat die onafhanklike sakeman gebruik maak van die volgende verdedigingsmeganismes as 'n direkte reaksie en respons op stres: Intellektualisasie, rasionalisasie, repressie, ontkenning en projekte. Vallan (in Kaplan en Sadock, 1991) sê ook dat neurotiese verdedigingsmeganismes veral aangetref word in volwassenes onder stres. |
| **PSIGIES – WIL** (n=15)<br><br>● Interne motivering 15<br>● Motivering van personeel is belangrik 10 | Die literatuur beskryf die onafhanklike sakeman as 'n sterk gemotiveerde individu met verskeie interne motiveerders soos die strewe na sukses en prestasie, beheer van eie lewe, persoonlike bevrediging en doelbereiking en aan die strewe na selfaktualisering (Kroon en Moolman, 1992; Shapero in Kets de Vries, 1977; Coetzee, 1979). In die literatuur is min inligting ten opsigte van motivering van personeel beskikbaar. Montagno, Kuratko en Scarcella (1986) het bevind dat "motivering van ander" twaalfde op die prioriteitslys van drie-en-dertig aspekte val. Motivering van ander mense is dus ook wel vir die onafhanklike sakeman van belang. |

| | |
|---|---|
| **GEESTELIK – WAARDES** (n=15)<br><br>● Dit is belangrik om goed oor die weg te kom met ander 15<br>● Eerlikheid 14<br>● Positiewe denke 12<br>● Effektiewe kommunikasie is belangrik 11<br>● Vertroue 8<br>● Godsdiens is belangrik 8<br>● Dit is belangrik om tussen die werkers te wees 8<br>● Geld is nie alles nie 8 | Solomon en Winslow (1991) se navorsing sowel as Van Daalen (1989) spreek die mening uit dat onafhanklike sakemanne dit as belangrik beskou om met ander oor die weg te kom. Solomon en Winslow (1991) het bevind dat hierdie individue standaarde van oopheid en eerlikheid handhaaf. So ook sê Timmons *et al* (in Kroon en Moolman, 1992) dat die onafhanklike sakeman hoë etiese standaarde van integriteit en betroubaarheid handhaaf. Die onafhanklike sakeman is ook optimisties en gedetermineerd in sy strewe om sukses te behaal – hulle glo dat positiewe denke 'n belangrike sleutel tot sukses is (Bendit in Beyers, 1988; Mitton, 1989; Kroon en Moolman, 1992; Burch, 1986 en Hood en Young, 1991). In navorsing gedoen deur Montagno, Kuratko en Scarcella (1986) het deelnemers verbale kommunikasie bo aan 'n lys van drie-en-dertig kenmerke geplaas, met ander woorde, hulle het gevoel dat kommunikasievaardighede essensieel is vir 'n suksesvolle besigheid. Dit word ondersteun deur Hood en Young (1991) se navorsing. Volgens Weber (in Conradie, 1984) is mense wat die ekonomiese etiek aanhang geneig om afsydig teenoor godsdiens te staan. Navorsing deur Conradie (1984) gedoen bevestig hierdie vevinding. Dit stem egter nie ooreen met die resultate wat die navorser in haar navorsing verkry het nie. In die navorsing gedoen deur Solomon en Winslow (1991) het hulle bevind dat geld en groot rykdom nie vir die sakeman die grootste motiveerder is nie. Vir hulle is vryheid, onafhanklikheid, beheer oor tyd en strewe na selfaktualisering belangrike motiveerders. |
| **FISIES – WERKSFUNKSIONERING** (n=15)<br><br>● Lang werksure 15<br>● Werk is 'n uitdaging 15<br>● Wil in beheer wees 13<br>● Werksomgewing is soos gesin 12<br>● Vertrou nie ander nie 12<br>● Neem geen werk huistoe nie 8 | **EKSTERNE OMGEWING**<br><br>Onafhanklike sakemanne word deur tyd gestimuleer om hulle doel onafhanklik te bereik. Hulle is ook werkoliste en werk lang ure deurdat hulle altyd op soek is na sukses (Burch, 1986; Beyers, 1988; Allman, 1985 en Solomon en Winslow, 1991). Onafhanklike sakemanne soek na uitdagings in hulle beroep en uitdagings motiveer hulle. Hulle sien hulle werk as uitdagend omdat hulle skeppend en innoverend is (Morris en Fargher in Beyers, 1988; Welsh en White in Solomon en Winslow, 1991). In die literatuur kom die onafhanklike sakeman se behoefte aan mag en kontrole sterk na vore. Hulle verkies om in beheer en kontrole van alles te wees (Kroon en Moolman, 1992). Hood en Young, 1991; Burch, 1986 en Mitton, 1989). In die literatuur word "werksomgewing soos 'n gesin" nie beskryf nie, maar klem word juis gelê op die feit dat die onafhanklikesakeman sterk individualisties is en in beheer wil bly (Kroon en Moolman, 1992). Uit die literatuur blyk dit ook dat wantroue teenwoordig is, al word dit nie letterlik genoem nie (McClelland, 1987; Beyers, 1988 en Conradie, 1984). Die literatuur wys daarop dat onafhanklike sakemanne tot tagtig ure per week werk, hulle sal werk totdat werk afgehandel is (Burch, 1986). |
| **FISIES – FINANSIËLE ASPEKTE** (n=15)<br><br>● Finansiële probleme is deel van besigheid 11 | Die literatuur verwys nie veel na geld/finansies nie en hierdie aspek word deur enige spesifieke literatuur aangespreek nie – Kroon en Moolman (1992) praat net van die feit dat geld vir die onafhanklike sakeman 'n aanduiding is van sukses (McClelland, 1987). |
| **FISIES – POLITIEK/EKONOMIE** (n=15)<br><br>● Huidige politieke/ekonomiese milieu het 'n negatiewe invloed op besigheid 13 | Hierdie aspek word ook nie deur die literatuur aangespreek nie, aangesien hierdie probleem moontlik deur die Suid-Afrikaanse sakeman ervaar word vanweë die land se eiesoortige politieke en ekonomiese probleme wat tans ervaar word. Allman (1985) sê dat ekonomiese krisisse egter die eise vermeerder wat aan hulle gestel word. |
| **SOSIAAL** (n=15)<br><br>● Geen ondersteuningstelsel by werk 12<br>● Handhaaf goeie interpersoonlike verhouding by werk 11<br>● Min sosiale kontak met vriende 8 | In hierdie navorsing het onafhanklike sakemanne 'n gebrek aan ondersteuning geverbaliseer. Die literatuur wys daarop dat ondersteuning en terugvoering deur die onafhanklike sakeman as belangrik geag word (Montagno, Kuratko en Scarcella, 1986; McClelland, 1987 en Conradie, 1984). In die literatuur word klem gelê op goeie interpersoonlike verhoudinge en dat onafhanklike sakemanne dit oor die algemeen belangrik ag om goeie verhoudings op te bou (McClelland, 1987; Mitton, 1989). Die kwessie van min sosiale kontak met vriende word nie spesifiek in die literatuur aangespreek nie, maar hou verband met lang werksure asook ongereeldheid van werksure. |
| **GEESTELIK – GESINSVERHOUDINGE** (n=15)<br><br>● Nie genoeg tyd vir gesin nie 13<br>● Gesin onder stres 7<br>● Moet gesin en besigheid gelyktydig gelukkig hou 7 | Die literatuur verwys na hierdie aspek as die "gesins-risiko", weens die tyd en energie wat onafhanklike sakemanne aan hul werk bestee, stremminge op hul huweliks- en gesinslewe geplaas word (Williams, 1986 en Beyers, 1988). Liles (in Beyers, 1988) sê ook voorts dat die daarstelling en bedryf van 'n nuwe onderneming gewoontlik baie druk op die onafhanklike sakeman en sy gesin plaas. Die onafhanklike sakeman se gesin mag weens hierdie toedrag van sake afgeskeep voel. |

| GEESTELIK – GODSDIENS (n=15) | | |
|---|---|---|
| ● Gaan nie meer kerk toe nie | 9 | Conradie (1984) se navorsing verwys na waardestelsels van onafhanklike sakemanne en hul houdings met betrekking tot godsdiens. Uit sy navorsing het dit geblyk dat 33% van die proefpersone saligheid ("salvation") as van minder tot glad nie belangrik beskou. Die gebrek aan literatuur oor hierdie aspek kan wees as gevolg van die feit dat die navorsing wat gedoen is met onafhanklike/sakemanne hulle kenmerke, karaktereienskappe en vaardighede ondersoek het en nie soseer na hul geestelike belewenis gaan kyk het nie. |
| ● Godsdiens is belangrik | 8 | |

## GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Die belangrikste bydrae wat hierdie navorsing lewer, is die feit dat daar na die totale beleweniswêreld van die onafhanklike sakeman gekyk is wat insluit aspekte van sy interne en eksterne omgewing en kenmerkende wyses van interaksie tussen die eksterne en interne omgewing.
Die meeste ander relevante navorsing wat gedoen is met betrekking tot onafhanklike sakemanne fokus net op een bepaalde aspek van hulle interne of eksterne omgewing, byvoorbeeld psigologiese eienskappe van onafhanklike sakemanne, individuele kenmerke van onafhanklike sakemanne en sukses, 'n streshanteringsprogram vir sakemanne, profilering van sakemanne en waardestelsels van onafhanklike sakemanne. Hierdie navorsing is omvattend gerig op die hele persoon en alle aspekte van sy funksionering op liggaamlike, psigiese, geestelike en sosiale vlak.

Daar is min literatuur en/of navorsing beskikbaar oor die liggaamlike funksionering van die onafhanklike sakeman. In die literatuur word genoem dat dit belangrik is dat hulle oor 'goeie gesondheid' moet beskik, maar dit word nie baie konkreet beskryf nie. In hierdie navorsing het die deelnemers wel almal gepraat oor hul liggaamlike funksionering en gewoontes en dat hulle wel voel dat vrye tyd en ontspanning baie belangrik is, alhoewel hulle baie min tyd het om te ontspan of 'n sportsoort te beoefen.

Ongesonde eetgewoontes is daaraan te wyte dat hulle dikwels baie lang ure werk en dikwels nie tyd het om 'n gesonde maaltyd te eet nie, maar sommer vinnig iets gryp om te eet.

Min van die sakemanne in hierdie navorsing, in teenstelling met wat 'n mens sou dink van persone wat 'n hoë werksdruk en stres ervaar, drink te veel of rook te veel. Daar is wel van die deelnemers wat geverbaliseer het dat hulle meer rook onder stres, maar dit is die minderheid.

Die deelnemers aan hierdie navorsing het ook oor die algemeen die mening uitgespreek dat hulle slaap en rus, moontlik omdat hulle ook beskryf hoe hulle tuis "probeer afskakel" en nie werk huis toe neem nie.

'n Hartseer emosie wat sterk in hierdie navorsing na vore kom, is die gevoel van isolasie wat sakemanne ervaar, veral as hulle 'n eenman besigheid besit. Hulle moet alleen besluite neem, alleen probleme oplos en daar is geen kollegas met wie hulle werklik hul probleme kan bespreek nie. Hierdie sakemanne ervaar 'n definitiewe gebrek aan ondersteuning en terugvoering, wat ook 'n belangrike motiveerder is. Dit is ook moontlik waarom die sakeman probeer om vir hom 'n "werksomgewing soos 'n gesin" te skep, naamlik om hierdie isolasie gevoel te oorkom. Dit is eintlik 'n illusie, want dikwels skep hy self aan die een kant die afstand tussen homself en sy werknemers deur byvoorbeeld die feit dat hy in beheer wil wees, hy voel hy is meer vaardig as ander, hy kan dus nie effektief delegeer nie en so raak hy verstrengel in sy isolasie. Wat egter duidelik na vore kom is dat die sakeman wel 'n behoefte aan genoegsame ondersteuningstelsels uitspreek en dat dit ook sal bydra tot meer effektiewe streshantering.

Dit is opmerksaam dat vier van die vyftien deelnemers in hierdie navorsing tekens van ernstige depressie toon. Hulle het dit nie as sulks uitgespreek nie, maar dit het duidelik in die onderhoude na vore gekom. Hierdie persone het ook 'n gevoel van isolasie, hoë werksdruk en 'n gebrek aan ondersteuning beskryf.

In teenstelling met resultate van bestaande studies, het die deelnemers aan hierdie navorsing geverbaliseer dat hulle nie in staat is om effektiewe tydbestuur toe te pas nie, alhoewel hulle dit graag sou wou doen omdat hulle dit erken as 'n belangrike komponent om 'n besigheid effektief te bestuur. Hulle probeer egter om tydbestuur toe te pas waar hulle van 'n taaklys gebruik maak waarvolgens hulle prioriteite probeer stel en daarvolgens werk.

Die gebruik van psigologiese verdedigingsmeganismes is 'n aspek wat in die navorser se navorsing na vore gekom het en wat nie deur enige studies tot haar beskikking genoem is nie. Gmeiner (1992) het gevind dat hulle veral gebruik maak van neurotiese, onvolwasse en narsisistiese verdedeigingsmeganismes wat weer daarop dui dat hierdie persone 'n stresvolle beroep het en voortdurend stres ervaar (Kaplan en Sadock, 1991).

In Allman (1985) se studie sê hy egter dat onafhanklike sakemanne verdedigend optree as indirekte reaksie en respons op stres.

In hierdie navorsing het van die deelnemers hulle baie sterk uitgespreek oor die motivering van hulle personeel. Hulle is van mening dat hulle interne motivering baie sterk is, maar dat hul besigheid nie suksesvol kan wees indien hul personeel nie ook baie goed gemotiveer is nie.

Hulle beskryf hoe hulle te werk gaan om hul personeel te motiveer en dit is onder andere deur effektiewe kommunikasie, opleiding, na die behoeftes van die personeel om te sien positiewe terugvoer en dat hulle probeer om 'n werksomgewing te skep wat soos 'n gesin is, "want as die werknemer gelukkig is en gebonde voel in sy werksomgewing sal hy sy beste lewer".

Vervolgens word gefokus op die waardes van onafhanklike sakemanne. In hierdie navorsing het die meerderheid van die deelnemers gesê dat dit vir hulle belangrik is om 'n vaste geloof te hê om sodoende vaste weë te hê waarvolgens jy leef. Hulle glo dat hulle sekere waardes het wat hulle lei sodat hulle weet wat reg en verkeerd is en daarvolgens optree.

Hulle voel egter ook skuldig omdat hulle hul godsdiens verwaarloos deur nie gereeld kerk toe gaan nie en dus ook 'n swak voorbeeld aan hul kinders te stel. Hulle gebruik "verskonings" soos moegheid, min tyd, dat hulle net op 'n Sondag wil lê en ontspan, ensovoorts.

Mense wat deesdae die ekonomiese politiek aanhang, is geneig om afsydig teenoor die godsdiens te staan. Godsdienstige waardes is vir die hedendaagse entrepreneur dus van minder belang.

Wat werksomgewing betref, het die meerderheid van die deelnemers in hierdie navorsing klem gelê daarop dat hulle nie werk huis toe neem nie, aangesien hulle van mening is dat indien hulle kan "afskakel" as hulle huis toe gaan, dit 'n effektiewe manier is om stres te hanteer en sodoende ook elke nuwe dag met moed te kan takel.

Hierdie aspek word nie duidelik in die beskikbare literatuur aangespreek nie, maar McClelland (1987) sê dat hulle ekstra moeite sal doen, soos om werk huis toe te neem om hul werk afgehandel te kry.

Geen studies tot die navorser (Gmeiner, 1992) se beskikking

maak melding van die feit dat finansies en finansiële probleme deel is van elke sakeman se lewe nie. Hulle ervaar dit as sinoniem met onafhanklike sakeman wees en beskou dit ook nie as een van hul groot bronne van stres/kommer nie. Almal praat van finansies en dat dit soms moeilik gaan om die besigheid in stand te hou, maar ten spyte hiervan voel hulle positief en gemotiveerd. Hulle is van mening dat hierdie een van die struikelblokke is wat hul suksesvol die hoof moet kan bied of mee moet saam leef om 'n suksesvolle sakeman te kan wees.

Een van die unieke aspekte wat in hierdie navorsing na vore gekom het, is die huidige politieke/ekonomiese toestand in Suid-Afrika wat hul besigheid negatief beïnvloed. Dit dra by tot verdere stres deurdat dit kommer en onsekerheid veroorsaak, aangesien die swak ekonomie tans veroorsaak dat talle besighede misluk. Hulle voel dus dat die risiko tans baie hoër is. Tog besef hulle ook dat hulle positief moet bly en al hul magte moet aanwend om hul besigheid in stand te hou.

'n Meerderheid van die deelnemers beskryf dat hulle 'n gebrek aan ondersteuning ervaar en dat hulle ook 'n sterk behoefte aan ondersteuning en terugvoering ervaar, aangesien hierdie faktore is wat bydra tot interne/eksterne motivering. Hierdie gebrek aan ondersteuning hang baie nou saam met die gevoel van isolasie wat hulle ervaar. Dit is ook juis om hierdie rede dat hulle hul werkers motiveer deur onder andere ondersteuning en positiewe verbale terugvoering.

Geen studies tot die navorser se beskikking maak melding van sakemanne se sosiale kontak met vriende nie. Die bevindings van hierdie navorsing dui daarop dat hul sosiale lewe ook afneem en dat hulle min tyd het vir sosiale kontak met vriende. Dit dra ongelukkig by tot hul totale gevoel van isolasie, sodat hulle dan by die werk en ook sosiaal geïsoleerd voel. Dit verskerp hul behoefte aan ondersteuning en terugvoer.

## AANBEVELINGS

Verdere navorsing en ontwikkeling behoort die volgende temas aan te spreek.

- Die navorsingsresultate kan gebruik word om 'n model vir die bevordering van die geestesgesondheid van onafhanklike sakemanne te formuleer op grond van Dickoff, James en Wiedenbach (1968) se metode van teoriegenerering.
- Praktykriglyne kan gestel word vir 'n omvattende verrykingsprogram vir die bevordering van die geestesgesondheid van onafhanklike sakemanne.

## VERWYSINGS


Abdellah, F.C. & Levine, E. (1979). *Better patient care through nursing research.* Second Edition. New York: Macmillan.

Allmann, B.J.C. (1985). *The efficiency of a stress management programme.* Johannesburg: University of the Witwatersrand.

Beyers, D.E. (1979). *The skills, characteristics and knowledge required for a MBA-Graduate as perceived by South African Businessmen and business educators.* Cape Town: University of Cape Town (M.B.A.).

Botes, A.C. (1991). 'n Funksionele denkbenadering in die verpleegkunde. *Curationis,* 14(1), 30.

Burch, J.G. (1986). Profiling the entrepreneur. *Business Horizons,* 29(5), 13-16.

Burns, N. & Grove, S.K. (1987). *The practice of nursing research, conduct, critique and utilization.* Philadelphia: Saunders.

Coetzee, G.M. (1979). *Die ontwikkeling van die prestasiemotief en die verwantskap tussen prestasiemotivering en entrepreneurskap.* Pretoria: Universiteit van Pretoria (M.B.A.).

Conradie, J.A. (1984). *Die waardestelsels van entrepreneurs.* Pretoria: Universiteit van Pretoria (M.A.-Skripsie).

Cooper, C.L. & Melhuish, A. (1980). Occupational stress and managers. *Journal of Occupational Medicine,* 22(9), 588-589.

De Villiers, A.C. (1986). *Streshanteringsopleiding van 'n risikogroep.* Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit (M. Cur.-Skripsie).

Dickoff, J.; James, P. & Wiedenbach, E. (1986). Theory in a practice discipline. Part 1. Practice orientated theory. *Nursing Research,* 17(5), 415-435.

Giorgi, A. *ed.* (1985). *Phenomenology and psychological research.* Pittsburg: Duquesne University Press.

Gmeiner, A.C. (1992). *'n Model vir die bevordering van die geestesgesondheid aan onafhanklike sakemanne.* Ongepubliseerde D. Cur. (Psigiatriese Verpleegkunde)-proefskrif. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Hartstigting van Suider-Afrika (1990). *Hoe om hartaanvalle te voorkom.* Pamflet uitgegee 1990.

Hood, J.N. & Young, J.E. (1991). Entrepreneurship's requisite areas of knowledge: a survey of successful U.S. entrepreneurs. *Proceedings of the 36th ICSB Ward Conference.* June 24-26: Austria.

Kaplan, H.I. & Sadock, B.J. (1991). *Synopsis of Psychiatry. Behavioral sciences. Clinical psychiatry.* Sixth edition. London: Williams & Wilkins.

Kerlinger, F.N. (1986). *Foundations of Behavioral Research.* New York: Rinehart & Winston Inc.

Kets de Vries, M.F.P. (1977). The entrepreneurial personality: a person at the crossroads. *Journal of Management Studies,* 14(2), 34-37.

Kroon, J. & Moolman, P.L. *red.* (1992). *Entrepreneurskap.* Potchefstroom: Haum De Jager uitgewery.

Longenecker, J.G.; McKinnev, J.A. & Moore, C.W. (1988). Egoism and independence: entrepreneurial ethics. *Organizational Dynamics,* 16(3), 64-72.

McClelland, D.C. (1987). Characteristics of successful entrepreneurs. *Journal of Creative Behaviour,* 21(3), 219-233.

Mitton, D.G. (1989). The complete entrepreneur. *Entrepreneurship: theory and practice,* 13(3), 9-18.

Montagno, R.V.; Kuratko, D.F. & Scarcella, J.H. (1986). Perception of entrepreneurial success characteristics. *American Journal of Small Business,* 10(3), 25-31.

Mouton, J & Marais, H.C. (1990). *Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing.

Oral Roberts University Anna Vaughn School of Nursing (1990). Self-study report, submitted to the Council of Baccalaureate and Higher Degree Programs, National League for Nursing, August 1990. Volume I Narrative by Criteria. Tulsa, Oklahoma: Oral Roberts University Anna Vaughn School of Nursing.

Parse, P.R.: Coyne, A.B. & Smith, M.J. (1985). Nursing research: qualitative and practical application. *American Journal of Orthopsychiatry,* 58, 281-287.

Randse Afrikaanse Universiteit, Departement Verpleegkunde. (1991). *Konsep dokument: Verplegingsteorie vir Mensheelheid.* Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Serfontein, S. (1984). Seminare oor stres. *Radio en TV Dagboek,* Junie 24-38.

Solomon, G.T. & Winslow, E.K. (1991). Emotional armour of the American entrepreneur. *Proceedings of the 36th ICS 13 World Conference.* June 24-26: Autumn.

Stember, M.L. & Hester, N.K., (1985). Research strategies for developing nursing as the science of human care. *Nursing Research,* 22(3), 165-178.

Van Daalen, H.J. (1989). *Individual characteristics and third world entrepreneurial success.* Pretoria: University of Pretoria (Doctor Comercii).

Wessman, J.P. (1986) *"Stress"* in Weeks, L *(ed).* Advanced Cardiovascular Nursing. Boston: Blackwell Scientific Publications.

Wilson, H.S. (1989). *Research in nursing.* Second edition. Redwood City California: Addison-Wesley.

Williams, A (1986). Stress and the entrepreneurial role. *International Small Business Journal,* 3(4), 11-25.

Woods, N.F. & Catanzaro, M (1988). *Nursing research, theory and practice.* St. Louis: The CV Mosby Company.